Verwysing: 20170505-551
12/2/11/1/2
Navrae: W Mercuur

Kurrikulum VOO-minuut: DCF 0015/2017

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Hoofde: Kurrikulumkoördinering en -advies, Kringbestuurders, Hoofde: IBB-koördinering en -advies, Vakadviseurs en Prinsipale van sekondêre skole

Onderwerp: Versoek aan skole om Afrikadag gedurende die week van 22 tot 26 Mei 2017 te herdenk

1. "Afrikadag" word jaarliks op 25 Mei regdeur Suid-Afrika herdenk.

2. Die doel van die herdenking van Afrikadag, is om Afrika-eenheid en Afrika-lande se onafhanklikheid van koloniale magte te vier.

3. Dié herdenking sal 'n geleentheid vir bewusmaking en algemene begrip vir die verskillende kulture by skole bied, terwyl aandag aan die hoofoorsake van xenofobiese aanvalle binne gemeenskappe geskenk word.

4. Prinsipale en onderwysers word versoek om 'n geskikte tyd gedurende die week voor Afrikadag te benut om die belangrikheid van hierdie dag vir alle burgers by die leerders in te skerp.

5. Die volgende aanhangsels is ingesluit:
   - 'n **Bylae** om met dié dag se aktiwiteite te help
   - Afskrifte van die **Afrika-unie (AU-) -volkslied**

6. Die AU-volkslied kan ook van die Wes-Kaap Onderwysdepartement se webwerf afgelaai word by:
   http://www.wcedcurriculum.westerncape.gov.za/index.php/student-parent-support/africa-day-celebrations

7. Vir meer inligting, kontak asseblief vir Bridget Tobin, AHO: Geskiedenis, by e-posadres Bridget.Tobin@westerncape.gov.za of telefoonnommer 021 467 2590.

8. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle betrokke personeel.

GETEKEN: PAD BEETS
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR
DATUM: 2017-05-11